Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
NOVEMBER 2023

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon
Hermanus 028 313 8000
Gansbaai 028 384 8300
Kleinmond 028 271 8400
Stanford 028 341 8500

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

#overstrand4all *Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand* #C4ourself

JONGSTE OOR STORMSKADE: WATERSITUASIE IN GROTER HERMANUS WAARSKYNLIK ONBESTENDIG TOT DIE MIDDEL VAN DESEMBER

Die Vlak 9-storm wat die Overstrand oor die naweek van 23 September 2023 getref het, het die ergste oorstromings in menseheugenis tot gevolg gehad en oral 'n spoor van verwoesting gelaat.

Die waterverspreidingsnetwerk in Hermanus, waar 120 mm reën binne die bestek van 24 uur geval het, is veral swaar getref.

Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, het haar versekering gegee dat hierdie saak dringende aandag geniet, maar het nogtans 'n beroep op alle inwoners gedoen om op hul waterverbruik te let: "Hoe minder julle gebruik, hoe meer sal daar wees om almal te kan bly voorsien."

"Waterbeperkings in Groter Hermanus geld steeds," het sy gesê, "maar tot tyd en wyl sal geen straftariewe vir waterverbruik gehef word nie".

Sy het ook daarop gewys dat al bly watersuiweringsaanlegte onder druk, kraanwater steeds aan nasionale standaarde vir die gehalte van drinkwater voldoen.

DIE SITUASIE IN HERMANUS TEEN DRUKTYD

GROOTMAATWATERVOORSIENING EN WATERBEHANDELINGSAANLEGTE

- Alle reservoirs is gevul en daar word aan die huidige daaglikse vraag voldoen.
- Alhoewel die De Bosdam steeds oorloop, is werk om die De Bosdam-pypleiding permanent te herstel volstoom aan die gang.
- Weens die uiters hoë troebelheid van rou water is die Preekstoel-waterbehandeling-saanleg steeds kwesbaar.

As alles volgens plan verloop, behoort werk om pypleidings te herstel en suiweringswerke weer te normaliseer teen die middel van Desember, betyds vir die hoogseisoen, voltooi te wees.

PAAIE EN PADINFRASTRUKTUUR

- Herstel van die vloedbeskadigde N2 by Botrivier word onderneem en, selfs al gaan 'n stop-ry-situasie waarskynlik geld, behoort dit teen die middel van Desember vir verkeer oopgestel te word.
- Plaaslik word daar gefokus op die herstel van die R320 (Hemel-en-Aarde) aangesien die lewensbestaan van die landbougemeenskap hierdeur geraak word.
- Insgelyks word die R43 by die afdraai na Kleinmond as 'n saak van dringendheid herstel aangesien dit, tot tyd en wyl, die pad is wat as hoofroete moet dien om kos- en mediese voorrade in Groter Hermanus te besorg.

OVERBERG-LEERDERS SPRAK HUL SPROOK TEN GUNSTE VAN MUSEUMS

Vanjaar het die eer om die Engels-mondelingkompetisie met die onderwerp *"Museums and the important role they play in our communities"* vir graad 10- en 11-leerders in die Overbergstreek aan te bied, die Walvismuseum in Hermanus te beurt geval.

Hierdie kompetisie, wat deur die Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport georganiseer word, word eers op streeksvlak beslis waarna die wenners vanuit elke streek aan 'n provinsiewye gala-geleentheid deelneem.

Oorhoofs het die fasiliteerder van dié geleentheid, rdl. Ronald Nutt, bevind dat die aanbiedings van die leerders wat skole van Bredasdorp, Swellendam, Caledon, Genadendal en Hermanus verteenwoordig het, "geanimeer en deeglik nagevors" was.

Die gasheer Brendell Adams (Walvismuseum) en die fasiliteerder (rdl. Ronald Nutt) was hoogs beïndruk met die aanbiedings van die graad 10- en 11-leerders vanuit die Overbergstreek wat aan die jaarlikse Engels-mondelingkompetisie met die onderwerp museums deelgeneem het.

Zelnita Samuels (wat Swartberg Sekondêr in Caledon verteenwoordig het) is as wenner aangewys, met Alexa Collins (Curro Hermanus) en Matthys Lourens (Swellendam Hoër) onderskeidelik in die tweede en derde plek.

Overstrand se areabestuurders en eko-bewaarders/bobbejaan-monitors het jou hulp nodig om hulle ingelig te hou oor waar bobbejaantroppe hulle bevind en waarmee hulle doenig is.

Twee bemande blitslyne is vir hierdie doel ingestel: **072 028 0008** vir die oostelike streek (Hermanus/Voëlklip); en **069 1515 962** vir die westelike streek (Kleinmond, Bettysbaai en Pringlebaai).

Jy kan ook hierdie blitslyne bel om dringend hulp in te roep as jou eiendom of persoon deur 'n bobbejaan bedreig word.

In wese vra ons dat jy ons ingelig hou oor waar die bobbejaantroppe in jou gebied hulle bevind. Laat ons ook asseblief dadelik weet sodra hulle die dorp binnekom, besig is om 'n huis te plunder en/of 'n bedreiging vir die huisbewoners inhou.

Ons sal dit ook waardeer as jy ons kan verwittig van enige beseerde bobbejaan wat jy opgemerk het sowel as wanneer jy sien dat bobbejane gevoer en/of leed aangedoen word.

Die blitslynoperateurs sal jou oproep onmiddellik na die betrokke areabestuurder sowel as die eko-bewaarders/bobbejaanmonitors in jou area herlei.

ONDERSKRAAG ONS VROEËWAARSKUWINGSTELSEL: BEL DIE BOBBEJAANBLITSLYN

ESSENSIËLE DETAILS VERLANG:

Wanneer jy die bobbejaanblitslyn bel, moet jy:

- Jou naam en adres verstrek;
- Die spesifieke adres verstrek van waar jy laas die bobbejaan/jane gesien het;
- Aan ons sê waarmee hulle doenig was (bv. om kos langs die pad te soek / 'n vullisdrom te plunder / 'n tuin/huis te betree); en
- In gevalle waar hulle 'n woonhuis betree, aan ons sê of die huisbewoners tuis is en hoe die bobbejane daarin geslaag het om toegang te verkry.

ADDISIONELE NUTTIGE INLIGTING:

Dit sal ook van groot waarde wees as jy aan ons kan sê:

- In die geval van 'n trop, hoe groot die trop min of meer was;
- In die geval van 'n individu, of die dier 'n wyfie of 'n mannetjie was; en
- Of jy enige halsband of oorplaatjie aan 'n bobbejaan bemerk het.

RAPPORTERING VAN BESEERDE EN/OF BOBBEJANE WAT GEVOER/LEED AANGEDOEN WORD:

☛ Wanneer 'n besering gerapporteer word:

Probeer om te bepaal of dit 'n volwasse of jong bobbejaan is, watter liggaamsdeel beseer is en of die bobbejaan se gedrag oënskynlik normaal voorkom.

☛ Wanneer gevalle gerapporteer word van bobbejane wat gevoer/leed aangedoen is:

Maak asseblief seker dat jy meld wanneer en waar (tyd/datum/plek) die insident plaasgevind het. Aangesien gevalle soos hierdie na CapeNature vir verdere ondersoek verwys sal word, sal dit baie help as jy "stawende bewyse" in die vorm van video's/foto's van die insident en die mense wat betrokke was, kan verskaf sowel as besonderhede van die voertuig/voertuie wat op die toneel was.

OPPAS! AANGESPOELDE SKULPVIS NIE GESKIK VIR MENSLIKE VERBRUIK NIE!

Perlemoentjies het weens onlangse opstoting orals langs die kus aangespoel

Die opstoting ("upwelling") wat onlangs langs Overstrand se kuslyn ervaar is, het daartoe gelei dat skulpvis soos onvolgroeide perlemoene en alikreukels in groot getalle aangespoel het.

Ongeag hoe aanloklik dit ook al mag wees om aangespoelde skulpvis te oes, het die departement van bosbou, visserye en die omgewing (DFFE) 'n ernstige waarskuwing uitgereik dat verbruik van enige van hierdie skulpvis 'n ernstige gesondheidsrisiko inhou.

'n Opstoting is 'n natuurlike verskynsel wat voorkom wanneer sterk winde die warm oppervlakwater wegstoot van die kus, met die gevolg dat koue, voedingsryke water van diep onder in die see boontoe kan opstoot.

Die gevolglike loswikkeling van plankton en ander see-organismes (d.w.s. klein prooi) sal, onvermydelik, groter predatore lok.

Die kommer in sulke gevalle is dat niemand met sekerheid kan sê of die losgewikkelde "klein prooi" aan skadelike toksiene blootgestel is of nie.

Die gevolg is dat wanneer groter predatore soos perlemoen en alikreukel, wat op see-organismes teer, ten tyde van stormagtige seetoestande aanspoel, as nie geskik vir menslike verbruik beskou moet word nie totdat omvattende toetsing die teendeel bewys het.

In die reël beveel die DFFE aan dat verbruikers hul seekos slegs moet aankoop by gerespekteerde bronne wat die wet gehoorsaam en volhoubare visserypraktyke navolg.

Om te verifieer of die produk wat jy wil koop aan hierdie kriteria voldoen, kyk of dit as "volhoubaar" en "omgewingsvriendelik" gesertifiseer is.

Help om die onwettige oes van seekos te voorkom: Skakel 0800 205 005 om enige waarnemings aan te meld.

PARA-FIETSTOER AANHEF TOT UITMERGELENDE SEA-BATTICAL-VAART

Overstrand se onderburgemeester, Lindile Ntsabo, Hermanus se walvisroeper en Cape Whale Coast se toerismebestuurder Frieda Lloyd, sowel as Suzanne Clark van Pat's Place, Eloise Henkel en Craig Dawtrey van Engel & Völkers was by Gearing se Punt om die Sea-Battical-span (Vusie Marenene, Neels Terblance en Pieter Marais) te verwelkom.

By voltooiing van hul 327 km-lange para-fietstoer vanaf Mosselbaai tot in Hermanus was handfietser Vusi Marenene en sy fisiek ongestremde mede-fietsers, Neels Terblance en Pieter Marais, heel verras oor die hartlike wyse waarop hulle by die eindpunt, Gearing se Punt, verwelkom is.

"Natuurlik is ek verlig dat die afgelope vyf dae se kwale en skete iets van die verlede is, maar meestal ervaar ek 'n oorweldigende gevoel van genoegdoening – en dit laat tot die pyne in die niet verdwyn," het Vusi gesê.

Vusi, 'n professionele fietsryer, is in Februarie 2022 deur 'n bakkie getref en is sedertdien rolstoelgebonde.

Dié toer is van stapel gestuur om bewustheid van para-fietsry te skep en om fondse te werf sodat handfietsry op 'n internasionale vlak bevorder kan word.

"'n Ekstra bonus," het Vusi bygevoeg, "is die wete dat iemand wat nie fisiek gestremd is nie dalk by aanskoue van 'n gestremde atleet wat sy/haar allerbeste lewer sal besluit dat die tyd aangebreek het om van die rusbank af te klim, want daar is regtig geen geldige verskoning waarom hy of sy nie ook kan begin oefen en 'n gesonder lewe kan lei nie".

Die toer het in Mosselbaai weggespring om 'n baie goeie rede: Neels, 'n voormalige inwoner van Hermanus wat tans in Oudtshoorn woon, is van plan om die eerste persoon te word om rondom die vasteland Afrika ('n afstand van sowat 28 000 km) in 'n spesiaalontwerpte, mensgedrewe trapboot te vaar.

Hierdie been van die Sea-Battical-vaart sal teen die einde van Desember 2024 in Mosselbaai wegspring en sal sowat twee jaar neem om te voltooi.

Benewens moontlike erkenning in die *Guinness Book of Records*, is die voorneme om fondse in te samel vir die miljoene ondervoede kinders oral in die wêreld en vir die beskerming van die kritiek bedreigde Vaquita-tornyn.

Ter voorbereiding vir hierdie uitmergelende vaart onderneem Neels (op 'n bergfiets) en Vusi (op 'n handfiets) tans strawwe oefensessies wat sowat 20 000 kilometer te pad gaan dek. "Vusi se ontembare geesdrif, sy fisieke gestremdhede ten spyt, is so inspirerend en sal help om my gemotiveer en gefokus te hou," het Neels gesê.

"Ek word aangevuur deur my aangebore weetgierige aard en begeerte om voluit te leef. Mens moet die lewe as 'n avontuur benader en nooit ophou soek na nuwe ervarings en geleenthede wat jou sal help om te groei en te ontwikkel nie: Ons word net een kans gegun om ons lewens waarlik te beleef, en juis daarom moet ons dit tot ons volle potensiaal benut."

Enigeen wat die vaart finansieel wil ondersteun of bloot tred wil hou van hoe dit verloop, kan https://sea-battical.co.za besoek.